LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

20-11-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 40 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

*** Kwartaalprogram het al die belangrike datums op ***

1 **VOLKIE NUUSBULLETIN**:
Stuur asb al die buite-sport inligting aan na helenebotha@laervolkskool.co.za vir ons kwartaal se koerantjie voor of op Woensdag, 22 November 2017.

2 **RUGBYPROEWE**:
Die 0/11 en 0/12 seuns het Donderdag, 23 November vanaf 13:30 tot 14:30 rugbyproewe op ons skool se velde.

3 JAARBLAD:
Jaarblaaie kan by registerklasse bestel word teen R170 vir die spogblad met al die foto's van die jaar tot en met Woensdag, 29 November 2017. Daar is slegs 'n beperkte aantal beskikbaar.

4 **ATLETIEK OEFENING:**
Die atletiekoefening is soos volg:
Verspring, Hekkies en Hoogspring oefen vanaf 13:15 tot 14:15 by Hoër Volkskool op dae soos gereël.
Langafstande oefen vanaf 16:00- 17:00 by Hoër Volkskool, Maandae tot Donderdae.
Gewigstoot oefen vanaf 13:15 tot 14:15 op Woensdae en Donderdae by ons skool.

5 **HARTKLOP**:
Ons versoek vriendelik, indien dit vir u moontlik is, om asb. vir ons blikkies kos te stuur vir ons Hartklop gesinne vir die vakansie wat voorlê.

6 **TROFEë**:

Al die trofeë moet asb. voor of op 30 November 2017 by Interjewel ingehandig en betaal wees vir grafering of indien u dit elders doen, moet dit teen 30 November 2017 terug wees by die skool.

7 **HANDBOEKE**:

Ons herinner die leerders dat alle handboeke voor Donderdag ingehandig moet wees by hulle vakonderwysers. Verlore handboeke moet asb. betaal word in die finansiële kantoor en kwitansie moet by vakonderwysers ingehandig word.

8 **KULTUURAAND 2018:**

- Ons jaarlikse Kultuuraand vind plaas op 16 Februarie 2018 saam met Coenie de Villiers. Daar is **slegs** nog die volgende tafels beskikbaar:
  2 x 14 sitplek tafels en 5 x 12 sitplek tafels.
  Kontak vir Christa de Wet by 0842068902 vir enige navrae.
- **KELNERS**:
  Die Gr 6 leerders se kelner-gelde van R150 moet asb so gou as moontlik inbetaal word by Mev Chrisna Meyer.

9 **SKOOLGELDE:**

- **DEBIETORDERS**:
  Onthou om u debietvolmagvorm in te stuur vir Mev Chrisna Meyer indien u daarvan gebruik wil maak vir 2018 om in aanmerking te kom vir die 2,5% korting.
- **SKOOLGELDE 2018:**
  Indien u u skoolgelde vir 2018 voor of op 31 Desember vereffen, kry u 'n 5% korting op die rekening.
- **Neem kennis dat alle kortings 'n vergunning is vanaf die BL en nie 'n gegewe nie**.
- Ouers kan reeds vir 2018 aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde. Die nodige dokumentasie is by Mev Chrissie Maré beskikbaar, waar u dit persoonlik moet kom afteken.
- Indien u in 2018 probleme ondervind om u skoolgelde op datum te hou, kontak asb. onmiddellik vir Mev Chrisna Meyer om die nodige reëlings te tref.

10 **NASKOOLSENTRUM**:

Indien u belangstel om u kind in die skool se Naskoolsentrum in te skryf, kan u 'n aansoekvorm op die webblad kry of by die navraekantoor. Voltooi dit volledig en stuur terug na Mev Chrisna Meyer voor of op 24 November 2017.

11 **SKOOLTYE:**

- Leerders mag vanaf Maandag, 13 November om 13:00 verdaag.
- Leerders moet asb. nie onnodig uitgeteken word nie.

12 **RAPPORTE**:

Ouers kan rapporte op 6 Desember vanaf 07:30 tot 08:30 by die klasonderwysers kom afhaal. Geen rapporte mag voor die tyd uitgehandig word nie.

13 **VAN DER WESTHUIZEN - EN BEGEMANSTRAAT:**

Ouers word versoek om intern, hierdie twee strate as eenrigtings te gebruik. Stop asb. in albei strate aan die linkerkant van die pad. Begemanstraat is 'n eenrigting en gebruik die linkerkant van Van der Westhuizenstraat van onderaf op na Pick & Pay se rigting.

14 Ouers word weereens versoek, om geen probleem met leerders self te hanteer nie. U stel uself bloot aan ernstige vervolging. Maak asb. 'n afspraak met die hoof en kom hanteer die saak by die skool uit.

15 **REDENAARS**:

Die temas vir 2018 se redenaars is as volg:

GRAAD 1-3	***GRAAD 4-5***	***GRAAD 6-7***
goud druppeltjies miere (2-4 minute)	smaak vingers drup (3-5 minute)	uurglas hoop teken (4-6 minute)

Dié wat solank aan hulle toesprake wil begin voorberei vir volgende jaar is meer as welkom. Skoolredenaars sal vroeg in Februarie 2018 wees.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF